

Donderdag 24 Augustus

Skrifgedeelte: Lukas 22:14-23

Fokusgedeelte: Lukas 22:19; HK Sondag 28, Antwoord 75

Die bevel om nagmaal te gebruik

Antwoord 75 begin deur daarop te wys dat die gebruik van die nagmaal 'n bevel van Christus is. Dit is nie 'n saak wat aan die willekeur van mense oorgelaat word nie. Die gelowige *moet* daaraan deelneem. Christus se woorde: “Doen dit tot my gedagtenis” is 'n bevel.

In die lig hiervan kan gewys word op verskillende verkeerde beskouings wat daar soms by lidmate aangetref word. So kan die betekenis van nagmaal *oorskat* word. Dan woon hulle eredienste nie gereeld by nie, maar wil wel deelneem aan die viering van die nagmaal. Dit is 'n skewe siening, want in sowel die bediening van die Woord as die viering van nagmaal word Christus as Verlosser van sondes verkondig. Daarom mag die een nie bokant die ander verhef word nie. As die bediening van die Woord vir 'n persoon nie 'n saak van erns is nie, kan die nagmaal ook nie vir hom 'n saak van erns wees nie, tensy hy 'n bygelowige waarde daaraan heg, en dan is hy in elk geval op 'n dwaalspoor.

Die betekenis van die nagmaal word soms ook op 'n ander wyse oorskat as mense voorgee dat die nagmaal net vir sogenaamde “heiliges” bedoel is en dat hulle “te sondig is om nagmaal te vier”. Hierdie optrede is gebore óf uit die verkeerde siening dat die mens uit homself in staat is om 'n bepaalde graad van heiligheid te verwerf, waardeur hy dan toegang tot nagmaal sou kry, óf uit die onwilligheid om homself van sy sondes te bekeer.

Teenoor albei hierdie groepe moet dit beklemtoon word dat die nagmaal 'n *bevel van Christus* is wat nie nie straffeloos geminag kan en mag word nie.

Teenoor die eerste groep moet gestel word dat die nagmaal nie ingestel is vir heiliges nie, maar vir *sondaars* wat berou het oor hulle sonde, glo dat dit hulle om Christus ontwil vergewe is en van voorneme is om uit dankbaarheid volgens die wil van God te lewe.

Teenoor die tweede groep moet daarop gewys word dat die nagmaal vir *bekeerde sondaars* ingestel is. Dit beteken dat as daar iets in hulle lewe is wat nie reg is in die oë van die Here nie, hulle dit moet gaan regmaak. Hulle moet hulle van hulle sondes bekeer, verkeerde verhoudings afbreek en regte verhoudings herstel. Dan sal dit vir hulle moontlik wees om die bevel van Christus te gehoorsaam en om wel nagmaal te gebruik.

Die gevaar bestaan egter ook dat die betekenis van nagmaal *onderskat* kan word. Dan beskou lidmate die viering van die nagmaal as van minder belang. Ook aan hulle moet die bevel om nagmaal te vier, duidelik voor oë gestel word.